

**7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5  
Fokusgedeelte: Jakobus 5:13–18**

**Bid só dat dinge gebeur!**

Voel dit vir jou asof jou gebede kragteloos is? Voel dit soos 'n pap tennisbal wat as jy dit oor die net wil moker net hier voor jou neerplons? Wat kan die rede wees?

Jakobus beklemtoon dat ons gebede in staat is om groot dinge tot stand te bring! Ons gebede besit besondere potensiaal. God bemagtig ons met 'n uiters effektiewe instrument. Deur ons gebede kan God selfs ons omstandighede verander as Hy dit goeddink. Ons kan met gebede bereik wat ons moet bereik.

Om die kragtige werking van die gebed vir ons verder te benadruk, wys Jakobus ons op die bekende gebeure in die tyd van Elia. Op sy gebed het die Here die reën laat wegbly tydens die regering van koning Agab. Op sy gebed het die Here na drie en 'n half jaar weer uitkoms gegee nadat die volk op die berg Karmel beloof het om voortaan die Here alleen te dien.

Ons mag en moet vir mekaar bid as ons siek is, as ons teen die Here oortree het en as ons vergiffenis soek. God sal dit in antwoord op ons gebede gee, maar dan moet ons op die regte wyse bid. Ons moet as regverdiges bid. Ons moet vanuit die geloof bid, in afhanklikheid van God en in volle vertroue op Hom. Ons moet daarna streef om volgens sy eise te leef. Ons moet van harte ons sondes voor Hom bely. Wie so as regverdige bid, spuit God se krag in hulle gebede in. Let dan op jou gebede.

*Sing: Psalm 147:4*

*Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)*